**IN DIE HOë HOF VAN SUID-AFRIKA**
**VRYSTAATSE AFDELING, BLOEMFONTEIN**

Appélnommer : A166/2013

In die appél tussen:-

**DISEBO SANNAH FISH** Appellant

en

**DIE STAAT** Respondent

---

**CORAM:** VAN ZYL, R *et* REINDERS, WND R

---

**AANGEHOOR OP:** 4 NOVEMBER 2013

---

**UITSPRAAK DEUR:** VAN ZYL, R

---

**GELEWER OP:** 23 DESEMBER 2013

---

[1] Appellant het tereggestaan op 'n aanklag van moord deurdat dit beweer is dat sy op 27 Oktober 2008 wederregtelik en opsetlik vir Puseletso Piet Phukuntsi (hierinlater na verwys as "die oorledene") gedood het. Appellant het onskuldig gepleit, maar is op 31 Januarie

2013 skuldig bevind op die ten laste gelegde aanklag. Sy is op 2 Mei 2013 gevonnis tot twaalf jaar gevangenisstraf waarvan vier jaar gevangenisstraf opgeskort is vir 'n tydperk van vier jaar op sekere voorwaardes.

[2] Verlof om te appelleer teen beide die skuldigbevinding en opgelegde vonnis is op die dag van vonnisoplegging deur die hof *a quo* verleen. Die hof *a quo* het voorts op dieselfde dag borg aan appellant verleen, welke borg vasgestel was in die bedrag van R4 000.00, tesame met verdere voorwaardes, en is die borggeld dieselfde dag betaal.

[3] Dit dien vermeld te word dat hoewel die verrigtinge in die hof *a quo* in engels plaasgevind het, het dit ten tyde van die aanhoor van die appèl geblyk dat al die belanghebbende partye by die aangeleentheid afrikaans-sprekend is en het ek dit daarom goedgedink om die uitspraak ook in afrikaans te doen.

[4] Ten tyde van die pleit-verrigtinge, het appellant se regsverteenwoordiger 'n pleitverduideliking namens

appellant op rekord gestel wat as volg lees:

> "...indeed the accused did murder the deceased, however it was in self defence."

[5] By die aanvang van die verhoor is dit deur die staat en die verdediging aangedui dat die ketting-getuienis ten opsigte van die hantering van die liggaam van die oorledene nie in dispuut geplaas word deur die verdediging nie en is die regsgeneeskundige lykskouingsverslag insgelyks by ooreenkoms tussen die staat en die verdediging ingehandig as Bewysstuk "A". Verdermeer is 'n foto-album met agt foto's by ooreenkoms ingehandig as Bewysstuk "B".

[6] Daar was geen ooggetuie tot die gebeure tussen appellant en respondent wat tot die oorledene se dood aanleiding gegee het nie. Die tersaaklike gebeure wat op appellant se weergawe uit haar getuienis geblyk het, kan opsommenderwys as volg saamgevat word. Appellant en die oorledene was in 'n liefdesverhouding vir ongeveer een jaar en ses maande. Die oggend van die voorval, tussen 06h00 en 06h30, het appellant na die huis van die

oorledene gegaan. Sy het aan die deur geklop en die oorledene het die deur oopgemaak. Toe die oorledene sien dat dit appellant by die deur was, het hy haar na buite gestoot, waarop sy hom gevra het waarom hy dit doen. Sy het hom daarop teruggestoot binne-in die huis in. Die huis het uit twee vertrekke bestaan, synde ‘n kombuis en ‘n slaapkamer. Die tersaaklike deur het toegang tot die kombuis verleen. Sy het deurgestap na die slaapkamer terwyl oorledene in die kombuis gebly het. By die deur van die slaapkamer het sy opgemerk dat daar ‘n ander vrou, Mampho Moloi (“Mampho”), in die slaapkamer was, besig om haarself te was. Appellant het toe ‘n mes (wat sy later as ‘n tipe “steakmes” van ongeveer 20 cm lank, handvatsel ingesluit, beskryf het) gegryp wat op ‘n kas in die kombuis gelê het en het die slaapkamer binne gegaan. Sy was kwaad op daardie stadium en wou Mampho met die mes dreig. Mampho het probeer vlug en het sy (Mampho) oor die bed gespring. Sy het by die slaapkamer uitgehardloop, terwyl appellant nog in die beperkte spasie tussen die bed en die spieëlkas was. Hierdie toneel in die kamer word uitgebeeld op Bewysstuk “B”, foto 2. Toe appellant omgedraai het met die bedoeling om agter Mampho aan te

hardloop, het sy opgemerk dat die oorledene by die deur van die kamer gestaan het met ‘n vuurwapen in sy hand. Sy het ‘n geluid gehoor soortgelyk aan ’n vuurwapen wat gespan word en het sy gesien dat hy die vuurwapen oplig en in haar rigting wys. Die oorledene was ‘n polisie beampte en het volgens appellant altyd sy vuurwapen in die kluis gehou as hy tuis was, waarvan slegs die oorledene die kombinasie-kode van die slot geken het. Sy het gedink dat die oorledene haar gaan skiet en het sy het in die oorledene se rigting beweeg en sy hande gegryp in ‘n poging om die vuurwapen by hom af te neem. Hulle het gestoei oor die vuurwapen. Dit het gebeur terwyl sy steeds die mes in haar hand gehad het. Als het baie vinnig gebeur. Die volgende oomblik het sy gestruikel en geval en het die oorledene bo-op haar geval. Sy het opgemerk dat hy beseer was en dat sy vol bloed was, waarop sy hom van haar afgestoot het. Die oorledene het toe nog geleef. Die mes en die vuurwapen het daar in dieselfde omgewing op die grond geval. Appellant het na die hoofhuis, geleë op dieselfde perseel, gehardloop om hulp te gaan soek. In die hoofhuis het sy die eerste staatsgetuie, Lerato Inocengtia Dry (“Lerato”) geroep, waarna hulle terug is na waar die

oorledene gelê het. Lerato het toe weer op haar beurt die tweede staatsgetuie, synde haar moeder, Mosele Francina Dry ("Francina"), gaan roep waarop die twee staatsgetuies teruggegaan het na die slaapkamer van die oorledene. Daar het hulle die appellant aangetref met 'n vuurwapen in haar hand en het sy gedreig om haarself te skiet. Lerato het toe hulp by die bure gaan soek. Die vuurwapen is na 'n gestoeiery, waartydens 'n skoot afgegaan het, van appellant afgeneem ten einde te verhoed dat sy selfmoord pleeg. Dit blyk uit die regsgeneeskundige lykskouingsverslag, Bewysstuk "A", dat die oorsaak van dood 'n steekwond in die bors van die oorledene was, welke steekwond as volg in paragraaf 4.2 van die verslag beskryf word:

> "Stab wound left upper-central chest, 37 by 16 mm in size. It was not possible to ascertain if only one or both edges of the wounding weapon were sharp. The said weapon passed to the decedent's right and slightly inward and slightly downward to enter the pericardial sac of the heart and incise the main pulmonary artery. The length of the wound track was 45 mm."

[7] Die twee staatsgetuies se getuienis kan soos volg saamgevat word. Lerato het getuig dat sy die oorledene geken het deurdat die oorledene twee kamers by haar ouerhuis gehuur het. Haar ouerhuis, waar sy self ook woonagtig is, is die hoofhuis op die perseel, terwyl die oorledene twee kamers aan die agterkant van die hoofhuis gehuur het. Die oorledene was `n polisie beampte en dra sy kennis daarvan dat hy sy vuurwapen in 'n kluis in sy huis gebêre het. Appellant was ook aan Lerato bekend, deurdat sy gereeld die perseel besoek het en deur die oorledene aan Lerato voorgestel was as sy vriendin met wie hy 'n verhouding gehad het. Die oggend van die voorval om ongeveer 06h00 was sy wakker gemaak deur 'n geklop aan die deur. Toe sy oopmaak, het sy appellant by die deur gevind wat gesê het "Come and see what I did". Volgens Lerato het sy aan appellant gevra wat sy gedoen het, waarop appellant aan haar gesê het "I killed Pina", synde die oorledene. Appellant het baie erg gehuil. Hulle is toe na die slaapkamer van die oorledene, waar die oorledene op die grond gelê het, hoewel hy nog lewend was. Lerato het daarop aan appellant gevra wat gebeur het, waarop appellant, aldus Lerato se getuienis, gesê het dat sy die

oorledene gesteek het omdat sy hom saam met ‘n ander meisie gevind het. Uit kruisverhoor het dit geblyk dat Mampho ook op daardie stadium in die kamer was. Lerato het getuig dat appellant se klere vol bloed was, maar dat sy nie enige bloed op die vloer gesien het nie. Lerato het daarop na die hoofhuis gehardloop, waar sy haar moeder, Fracina, geroep het. Sy en haar moeder is terug na die slaapkamer van die oorledene. Daar het hulle gevind dat appellant ‘n vuurwapen gehad het. Sy het gedreig om haarself te skiet. Lerato het toe die hulp van die bure gaan inroep en toe sy terugkeer saam met die buurman, het hulle gevind dat haar moeder in ‘n stoeiery gewikkel was met appellant ten einde te poog om die vuurwapen af te neem sodat appellant nie selfmoord pleeg nie. In hierdie proses het daar ‘n skoot uit die vuurwapen afgegaan. Daarna het Lerato se moeder wel daarin geslaag om die vuurwapen af te neem.

**EVALUERING VAN DIE GETUIENIS IN VERGELYKING MET DIE BEVINDINGS IN DIE UITSPRAAK VAN DIE HOF *A QUO*:**

[8] Die hof *a quo* het appellant se weergawe van die gebeure

verwerp, wat klaarblyklik insluit `n verwerping van die weergawe dat die oorledene ten tyde van die voorval 'n vuurwapen hanteer het, soos blyk uit p. 125, reël 19 tot p. 126, reël 8 van die oorkonde:

> "And as I have indicated it would be improbable in the circumstances that the accused was faced with imminent danger because if the deceased was having a firearm in his possession, being a police officer, he would not have any difficulties in fighting the accused succesfully. It is an acceptable fact and undisputed fact that the accused was filled with anger and frustration as she was overwhelmed with jealousy on the day in question and it would render it very easy for her to do whatever, even to stab the deceased out of anger or frustartion on the day in question. The court rejects the accused`s version to the effect that she was acting in self-defence on that day in question as she has failed to show to the court that she was faced with imminent danger on the day in question."

[9] Buiten dat bogemelde gevolgtrekkings duidelik ongefundeerde spekulasie bevat, word dit na my mening ook nie deur die getuienis gesubstansieer nie. Dit is in ieder geval ook nie vir die appellant om te "show" of te bewys dat sy wel aldus bedreig was nie – dit is vir die staat om te

bewys dat sy nie gedreig was nie. Die bewyslas rus op die staat om bo redelike twyfel die afwesigheid van appellant se verweer te bewys.

[10] Wat betref die vraag of die oorledene die vuurwapen in sy hand gehad het soos appellant getuig het, aldan nie, is daar eerstens die direkte, onbetwiste getuienis van appellant tot dien effekte, waarna ek reeds verwys het. Dit is ook gemeensaak dat die oorledene, as polisie beampte, wel `n vuurwapen besit het. Appellant se weergawe met betrekking tot die gebeure word ook gestaaf deur die feit dat dit gemeensaak is dat die oorledene se vuurwapen wel op die toneel teenwoordig was, gegewe dat appellant gedreig het om met daardie vuurwapen selfmoord te pleeg. Dit moet ook gesien word teen die agtergrond van appellant se onbetwiste getuienis dat die oorledene die vuurwapen in `n kluis by sy huis gebêre het waarvan slegs hy die kombinasie-kode geken het. Die enigste manier wat appellant dus in besit van die vuurwapen kon gekom het, gebaseer op die getuienis, is as die oorledene die vuurwapen uit die kluis gehaal het en dit dus hanteer het voordat dit in appellant se besit gekom het. Verdermeer moet ook in gedagte gehou word dat dit nooit in

die hof *a quo* deur die staat betwis en aan appellant gestel was dat die oorledene nie die vuurwapen hanteer het die dag van die voorval nie. Daarom het Mev Giorgi, namens die staat, ook op verantwoordelike wyse toegegee dat aanvaar moet word dat die oorledene wel die vuurwapen hanteer het die dag van die voorval en dat die appèl op sodanige basis beslis moet word. Sy het egter gesubmiteer dat die oorledene homself met die vuurwapen bewapen het om homself teen appellant te beskerm en nie om haar te bedreig nie. Vanweë die afwesigheid van enige ander ooggetuies, is daar egter nie getuienis wat hierdie submissie van Me Giorgi ondersteun nie.

[11] In die aanloop tot die hof *a quo se* klaarblyklike bevinding dat die oorledene nie die vuurwapen hanteer het nie, het die hof *a quo* ook bevind dat hoewel die teenwoordigheid van die vuurwapen gedurende stellings aan die staatsgetuies geblyk het, was daar in ieder geval nie melding gemaak van `n dreigende gevaar voordat appellant nie self onder eed getuig het nie. (Uitspraak, p. 120, reël19 tot p. 121, reël13) Wanneer die getuienis in totaliteit oorweeg word, blyk herdie feite bevinding na my mening nie korrek te wees nie.

Dit was reeds in kruisverhoor aan Lerato gestel dat die stoeiery tussen appellant en die oorledene plaasgevind het omdat hy die vuurwapen in sy hande gehad het en sy dit by hom wou afneem. Wanneer dit in perspektief gesien word saam met haar pleitverduideliking, is dit tog duidelik dat die stoeiery oor die vuurwapen ontstaan het omdat appellant op daardie stadium gevoel het dat haar lewe bedreig word.

In appellant se getuienis het sy uiteraard die gebeure in meer detail verduidelik en blyk dit duidelik dat toe sy die oorledene genader het en oor die vuurwapen gestoei het, sy gedink het dat haar lewe in gevaar verkeer. In die verband verwys ek, onder andere, na die volgende uittreksels uit die oorkonde:

> "...When you saw the deceased holding the firearm what came to your mind, what did you think?......I thought he was going to shoot me because he was facing my direction whilst carrying it." (Oorkonde, p. 52, reëls 9 – 12)

> "Were you not afraid of approaching somebody who is holding a firearm?......At that stage, as I said, I could not think straight and the reason that led me to go to him is because he was facing my

> direction.
>
> .......
>
> Lady, how was Pina holding the firearm?...He was lifting it towards me...it was shortly after he cocked it.” (Oorkonde p. 61, reëls 5 – 17)
>
> “...What is exactly the truth?......He was holding a firearm. He cocked it and after he had cocked it he lifted it, facing my direction and I thought he was going to shoot me and which is why I proceeded towards him.” (Oorkonde, p. 62, reëls 19 – 23)
>
> “At that time did you feel like you had to do anything in your powers to hold off the danger?.....Yes, which is why we scuffled over this firearm.” (Oorkonde, p. 73, reëls 4 – 6)

In ieder geval, indien appellant die opset gehad het om die oorledene te dood, sou sy, op waarskynlikhede, eerste en onmiddellik die oorledene met die mes aangeval het en nie vir Mampho nie. Sy blyk egter eers die oorledene te genader het op die stadium wat sy gedink het dat hy haar

gaan skiet.

[12] Wat betref die wyse waarop die steekwond deur die oorledene opgedoen was en die vraag of appellant se weergawe in die verband redelik moontlik waar kan wees, is die eerste aspek wat oorweeg moet word die inhoud van die pleitverduideliking in vergelyking met die weergawe van appellant wat aan die staatsgetuies gestel is en deur haar onder eed getuig is.

[13] Die pleitverduideling wat namens appellant op rekord gestel was, is reeds in paragraaf 4 hierbo aangehaal. Met verwysing daarna, is daar in die hof *a quo se* uitspraak vermeld dat die pleitverduideliking die indruk by die hof verwek het dat op die stadium wat appellant die oorledene gesteek het, sy in selfverdediging opgetree het. Daarteenoor, aldus die hof *a quo*, het appellant se weergawe verander toe sy onder eed die eerste keer getuig dat sy nie weet hoe die oorledene die steekwond opgedoen het nie. (Oorkonde, p. 120, reël 19 tot p. 121, reël 13.) Mev Giorgi het ook aan die hand gedoen dat die verskil aanduidend is van die ongeloofwaardigheid van die

appellant.

[14] Na my mening moet die getuienis egter weereens meer in totaliteit oorweeg word. Hoewel die tersaaklike pleitverduideliking namens appellant op rekord gestel was, was dit reeds gedurende die kruisverhoor van Lerato in perspektief geplaas deur die volgende verduideliking deur appellant se regsverteenwoordiger, soos dit voorkom op p. 25, reëls 9 – 21 van die oorkonde:

> "Your Worship, just to put things into perspective. Maybe I have used the incorrect word by saying 'murdered' in the plea explanation. The correct word should be 'stabbed', Your Worship, not 'murdered'. It is a case of semantics, Your Worship. Let me put it that way....at the time when the accused was struggling, wrestling for this firearm with the deceased, that is when the fell, the deceased fell on top of the accused, the accused stabbed the deceased in the process..." (*sic)*

[15] Soos reeds vermeld, het die hof *a quo* bevind dat aangesien appellant in haar pleitverduideliking erken het dat sy die oorledene gesteek het, maar haar getuienis tot dien effekte was dat sy nie weet hoe die oorledene gesteek is

nie, dit `n wesenlike aanpassing in appellant se getuienis daarstel. Na my mening het die hof *a quo* fouteer met hierdie bevinding. Uit die stellings wat van meet af aan aan Lerato gemaak was, blyk dit dat appellant se weergawe toe reeds was dat sy erken dat die mes in haar hand was toe die oorledene gesteek is (by implikasie dat sy hom dus gesteek het), maar dat sy nie weet hoe dit gebeur het nie, deurdat die oorledene gesteek is in die proses wat hulle gestoei het oor die vuurwapen en die oorledene op appellant geval het. Dit was nie, soos die hof *a quo* bevind het, `n nuwe weergawe toe appellant onder eed getuig het nie. Die volgende stellings was deur appellant se regsverteenwoordiger aan Lerato gemaak in die verband:

> "And they struggled with the said firearm whilst the knife was still in the accused`s possession...No comment.
>
> The deceased fell on top of the accused as the accused ...(inaudible) or rather her clothes got blood on them." (Oorkonde, p. 22, reëls 6 – 9)
>
> "Now...(indistinct) like that, at the time when the accused was struggling, wrestling for this firearm with the deceased, that is

> when they fell, the deceased fell on top of the accused, the accused stabbed the deceased in the process." (Oorkonde, p. 25, reëls 18 – 22)

Appellant se getuienis onder eed was toe wesenlik dieselfde, deurdat dit duidelik blyk uit haar getuienis dat sy nie weet hoe en op watter stadium die oorledene gesteek is met die mes in haar hand nie, maar dat sy slegs die bloed opgemerk het nadat hy op haar geval het en toe besef het dat die oorledene in hierdie proses gesteek is.

[16] Die hof *a quo* het voorts die volgende bevinding gemaak met betrekking tot die steekwond wat die oorledene opgedoen het, soos dit voorkom in die uitspraak op p. 123, reël 23 tot p. 124, reël 2 en weer op p. 125, reëls 13 – 18:

> "The improbability that has been noted by the court is that could the struggle with a firearm resulting in fatal stabbing wound with a knife which could result in 4.5 cm deep wound on the deceased's chest?" (*sic)*

> "It will be improbable to struggle over the firearm as well as the knife being being in her hand at that point in time and with a stab

> wound that was sustained by the deceased on his chest, that was 4.5 cm deep. The only inference that this court can draw is that the force was applied when that wound was inflicted." (*sic)*

[17] Soos deur Me Bezuidenhout, namens appellant, betoog, en deur Mev Giorgi toegegee, het die hof *a quo* hier `n mistasting begaan deurdat daar geen getuienis is wat hierdie bevinding regverdig of ondersteun nie. Geen mediese- of ander getuienis is hieromtrent aangebied nie. Dit is weereens blote spekulasie, maar wat as 'n feit gekonstateer word.

[18] Verdermeer het die hof *a quo* na my mening ook fouteer deur geensins die moontlikheid te oorweeg dat die oorledene die wond kon opgedoen het in die proses toe hy op die oorledene geval het nie. Soos tereg deur Me Bezuidenhout betoog, is dit `n redelike moontlikheid dat oorledene met die val in die mes wat in die hand van appellant was, geval het.

Die getuienis van beide die staatsgetuies en appellant was tot dien effekte dat appellant se klere vol bloed was aan die

voorkant daarvan, veral by haar bors, terwyl daar geen bloed op die vloer van die kamer voorgekom het nie. Dit strook met en staaf appellant se weergawe dat die oorledene bo-op haar geval het, sy toe die bloed gesien het en sy toe die oorledene van haar afgeskuif het. Dit pas ook in met ‘n moontlike scenario waar die oorledene in die mes geval het toe hy bo-op appellant geval het. Hierdie getuienis is egter verkeerdelik geensins deur die hof *a quo* in aanmerking geneem in die evaluering van die getuienis nie.

[19] Lerato het getuig dat appellant, toe sy Lerato gaan roep het, gesê het dat Lerato moes kom kyk wat sy (appellant) gedoen het. Toe Lerato aan haar vra wat sy gedoen het, het sy geantwoord "I killed Pina". Sy het ook getuig dat toe hulle by die oorledene was, appellant gesê het dat sy die oorledene gesteek het omdat sy hom saam met ‘n ander vrou betrap het. Francina het ook getuig dat appellant aan haar gesê het "I killed Pina". Appellant ontken egter hierdie weergawe en het getuig dat sy slegs aan Lerato gesê het dat Lerato moet kom kyk wat sy gedoen het.

Lerato is met die inhoud van haar getuie-verklaring, bewysstuk "C", gekonfronteer in kruisverhoor, aangesien sy in daardie verklaring, ooreenkomstig appellant se weergawe, slegs vermeld het dat appellant aan haar gesê het dat sy moes kom kyk wat sy gedoen het. Die hof *a quo* het hieromtrent bevind dat Lerato in kruisverhoor getuig het dat die verklaring nie aan haar teruggelees was nie. Gevolglik het die hof *a quo* geen waarde aan hierdie teenstrydigheid in Lerato se getuienis geheg nie.

By nalees van Lerato se getuienis vind ek nie sodanige getuienis ten opsigte van die teruglees nie. Dit blyk eerder dat sy in haar getuienis spesifiek bevestig het dat die inhoud van die verklaring met haar gekontroleer was, deurdat sy bevestig het dat "and whenever this person wrote down whatever you said, did the person confirm with you this is what you are saying". Na my mening stel Lerato se getuienis in die verband teenoor die inhoud van haar verklaring nie net `n wesenlike weerspreking daar nie, maar staaf die inhoud van die verklaring juis appellant se ontkenning van hierdie getuienis.

`n Verdere aspek hieromtrent wat geensins deur die hof *a quo* in ag geneem is by die oorweging van hierdie deel van die getuienis nie, is dat dit beide staatsgetuies en appellant se getuienis was dat die oorledene nog geleef het op daardie stadium. Appellant het dit ook vasgestel en geweet voordat sy vir Lerato gaan roep het. Gegewe dat appellant nog geleef het, is dit na my mening onwaarskynlik dat appellant sou gesê het dat sy die oorledene doodgemaak het.

[20] Selfs al sou ten gunste van die staat aanvaar word dat sy dit wel gesê het, neem dit na my mening steeds nie die staat se saak verder nie. So ‘n mededeling sou ook steeds gestrook het met appellant se weergawe van die gebeure, aangesien dit vasstaan dat sy dood op een of ander wyse deur die mes wat in haar hand was, veroorsaak is. So al sou appellant gesê het dat sy die oorledene doodgemaak het, het dit egter steeds nie tot gevolg dat sy noodwendig die vereiste opset gehad het om die oorledene te dood nie.

[21] Wat betref die gestoei oor die vuurwapen ten einde dit van appellant af te neem om te verhoed dat sy selfmoord pleeg,

verskil die staatsgetuies se weergawe van die van appellant. Volgens die staatsgetuies was dit Francina wat dit by haar afgeneem het, terwyl appellant getuig het dat dit ene Temba was wat met haar gestoei het en dit afgeneem het. Na my mening draai daar nie veel om hierdie aspek van die saak nie. Dit blyk duidelik uit beide staatsgetuies en appellant se getuienis dat hulle almal emosioneel, geskok en verward was op daardie stadium en is dit menslik dat iemand onder die omstandighede 'n fout kan begaan hieroor. Dit is egter gemeensaak dat appellant gedreig het om haarself te skiet, dat so stoeiery plaasgevind het en dat die vuurwapen by appellant afgeneem was nadat 'n skoot afgegaan het.

[22] Laastens moet ek vermeld dat die staat nie vir Mampho as getuie geroep het nie. Hoewel dit nie bekend is of sy die voorval tussen appellant en die oorledene waargeneem het nie, was dit Lerato se getuienis dat sy in die kamer was toe Lerato saam met appellant daar aangekom het. Die staatsaanklaer het tydens 'n uitstel van die verhoor aangedui dat Mampho as getuie geroep gaan word en dat haar getuienis baie lank gaan wees. Die staatsaanklaer het

ook die hof versoek om haar as getuie te waarsku om die volgende hofsitting by te woon. By die volgende verskyning het die staatsaanklaer egter skielik aangedui dat hy haar nie meer as getuie gaan roep nie. Dit val vreemd op.

[23] Wanneer die totaliteit van die getuienis in ag geneem word, blyk dit dus appellant se weergawe te wees dat sy vir Mampho by appellant betrap het, dat sy ‘n mes geneem het en haar daarmee wou dreig, dat Mampho weggehardloop het, dat appellant toe `n vuurwapen in sy hand gehad het wat hy oorgehaal en op haar gerig het, dat sy gevoel het haar lewe is in gevaar deurdat sy gedink het dat hy haar gaan skiet en toe in selfverdediging die vuurwapen by appellant wou afneem terwyl sy steeds die mes in haar hand gehad het, dat hulle gestoei het oor die besit van die wapen, dat sy oor iets gestruikel het en geval het, dat die oorledene bo-op haar geval het, dat sy toe gesien het dat hy beseer is en sy vol bloed is, dat sy hom van haar afgestoot het en dat hoewel sy erken dat die steekwond in hierdie proses veroorsaak moes gewees het deur die mes wat sy in haar hand gehad het, weet sy nie hoe en wanneer dit gebeur het nie. Dit kon selfs gebeur het dat die

oorledene in die mes geval het. Die opdoen van die steekwond was dus ‘n ongeluk terwyl sy in selfverdediging opgetree het en het sy nie die opset gehad om die oorledene te dood nie.

Op die totaliteit van die getuienis, kon daar na my mening nie bevind gewees het dat appellant se weergawe nie redelik moontlik waar is nie; inteendeel, daar is nie substantiewe getuienis wat dit weerspreek nie, maar daar is wel getuienis wat stawing aan haar weergawe verleen. Die hof *a quo* het fouteer deur te bevind dat die staat appellant se skuld bo redelike twyfel bewys het en is appellant dus geregtig op haar vryspraak. Vanwee hierdie bevinding is dit uiteraard nie nie nodig om met die appèl teen die vonnis te handel nie.

[24] Gevolglik slaag appellant se appel en word haar skuldigbevinding en die opgelegde vonnis tersyde gestel.

**C. VAN ZYL, R**

Ek stem saam:

**C. REINDERS, WND R**

| | |
|---|---|
| Namens die Appellant: | Adv. I. Bezuidenhout<br>In opdrag van:<br>Matee Prokureurs<br>Bloemfontein |
| Namens die Respondent: | Adv. S. Giorgi<br>In opdrag van:<br>Direkteur van Openbare Vervolgings<br>Bloemfontein |